23. God antwoord altyd gebed

Bid 4

Doelwit
Dat die seniors sal ontdek dat God gebed altyd antwoord.

Bybelgedeelte
Jeremia 33:3; Johannes 15:7; 1 Petrus 5:6

Kerngedagte
God antwoord altyd as ek bid.

Kernvers
Jeremia 33:3 'Roep My aan, Ek sal jou antwoord ...'

Voorbereiding

Voorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)

- Berei die GGB as geheel voor.
- Groot plakkate/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: 'Welkom Seniors!' en 'Ek volg in Jesus se voetspore'
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en -vers van vandag
- Plakkaat/ banier/ PowerPoint-skyfie met die woord 'Bid' en 'n bypassende prent
- Selfoon
- Groot plakkaat of PowerPoint-skyfie van 'n robot/ verkeerslig
- Die woorde van die lied '*Watch your eyes, watch your eyes what they see*' op 'n plakkaat/ PowerPoint-skyfie asook die musiek
- Groot plakkaat van 'n boom se buitelyne
- Klomp blare uit karton geknip met vorm sodanig dat as dit omgedraai word die blare na 'n spesifieke vrug sou kon lyk (Blaarkante groen en vrugkante kleur van vrug)
- Stroke wit karton waarop gebedsversoeke geskryf kan word en wat nie groter as die blaar/ vrug moet wees nie
- Wondergom

Voorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- Berei die KGB as geheel voor.

Notas

Ontvangs

ONTVANGS

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

Die plakkaat met die kerngedagte en -vers van die dag moet bykomend tot dié van die vorige Ontmoeting aangebring word.

OPRUIMTYD

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

Grootgroepbediening (GGB)

OPENING MET GEBED

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

VERWELKOMING EN GELUKWENSINGS

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

SANG

Dieselfde as by Ontmoeting 1.

LEES

Daar kan uit Jeremia 33:3, Johannes 15:7 en 1 Petrus 5:6 gelees word.

BOODSKAP

Agtergrondinligting

Geen.

Inleiding

(Wys ‘n selfoon.) Wat is dit hierdie? ... Ja ‘n selfoon. Wie van julle het almal selfone? ... (Laat kinders antwoord en sluit diplomaties daarby aan indien almal nie selfone het nie.) Het julle al vir iemand gebel en geweet die persoon is by sy selfoon, maar hy antwoord nie sy selfoon nie? ... (Laat kinders antwoord.) Hoe het julle gevoel as julle vir iemand bel, weet hy is daar en hy antwoord nie? ... Ja, teleurgesteld, of selfs kwaad. Dis nie lekker as dit gebeur nie!

Dit is waaroor ons vandag met mekaar gaan praat.

Boodskap

Notas

23. God antwoord altyd gebed

1. God antwoord altyd gebed



Wie van julle het al tot die Here gebid en vir Hom iets gevra en dit toe nie gekry nie? ... (Laat kinders ruim antwoord.) Het julle ook dan gedink of gevoel dat die Here nie hoor en altyd antwoord as julle bid nie?

Ons het netnou in Jeremia 33:3 gelees: 'Roep my aan, Ek sal jou antwoord ...' Hier belowe die Here vir ons dat Hy antwoord as ons bid. God antwoord *altyd* as ons bid!

2. God antwoord ja, wag of nee

Maar ons moet onthou dat alhoewel God altyd antwoord as ons bid, Hy miskien nie altyd antwoord soos wat ons graag wil hê Hy moet antwoord nie. Sy antwoord is partykeer anders as wat ons gedink of gehoop het. En dan moet ons glo dat die Here se antwoord op ons gebed altyd die beste antwoord is.

Hoe moet ons dit verstaan?

Die Bybel sê vir ons twee belangrike dinge van God wat antwoord as ons bid:

1) God sal vir sy kinders gee wat hulle vir Hom vra as dit sy wil is.

   Daar staan in Johannes 15:7: 'As julle in my bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê en julle sal dit kry.' Met ander woorde, as ons iets vra wat die Here se wil is of vir Hom bly maak, sal Hy gee wat ons vra.

2) God sal vir sy kinders gee wat hulle vir Hom vra as die tyd daarvoor reg is.

   Ons lees in 1 Petrus 5:6 'Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy daarvoor bestem het.' Met ander woorde, as ons iets vir die Here vra en Hy dink die tyd daarvoor is reg, sal Hy gee wat ons vra.

Wanneer God daarom antwoord as ons bid, doen Hy dit op een van die volgende drie maniere.

1) As 'n kind van die Here iets vra wat die Here se wil is en die tyd daarvoor reg is, sal Hy ***JA*** *sê.*

2) As 'n kind van die Here iets vra wat die Here se wil is en die tyd daarvoor is nog nie reg nie, *sal* Hy **WAG** sê.

3) As 'n kind van die Here iets *vra wat nie die wil van die Here is nie* en die tyd *daarvoor is ook nie reg nie*, sal Hy **NEE** sê.

Notas

Maar onthou, of die Here nou ja, wag of nee antwoord, is dit nog altyd ‘n antwoord!



Ons kan dit vergelyk met ‘n verkeerslig wat partykeer groen , oranje of rooi is. Die groen lig sê ... **JA**, die oranje lig sê ... **WAG** en die rooi lig sê **NEE**.

Die volgende liedjie kan ons help om te onthou dat God altyd antwoord as ons bid, maar dat sy antwoord partykeer JA en partykeer WAG en partykeer NEE is. Die liedjie kan op die wysie van *Watch your eyes, watch your eyes what they see* gesing word. Kom ons sing dit saam!

‘Somtyds antwoord Jesus JA as ek bid.
Somtyds antwoord Jesus WAG as ek bid.
Somtyds antwoord Jesus NEE,
want Hy kan dit net nie gee.
Maar ek weet Hy antwoord altyd as ek bid.’

3) Die gebedsboom



(Wys gebedsboom op groot plakkaat en sit blare op terwyl gepraat word.) Hier by my is ‘n boom wat ek sommer die gebedsboom noem. Hierdie gebedsboom het ‘n klomp blare. (Wys een blaar wat omgedraai word en op die agterkant soos ‘n vrug lyk.) As ek die blare omdraai, lyk dit soos vrugte wat aan die boom groei. (Wys wit stroke papier.) Op hierdie wit stroke papier gaan ons dinge neerskryf waarvoor ons vir die Here gaan vra en dit dan op die blaarkante vassit. Wanneer die Here daardie gebede beantwoord het, gaan ons die spesifieke blaar omdraai en die strook op die agterkant van die blaar, op die vrugkant, vassit om met ons eie oë te sien dat die Here daardie gebed beantwoord het en dat dit die vrug van ons gebed is. Julle gaan sommer nou-nou in die kleingroepe aan dinge dink wat ons vir die Here kan vra en dan gaan ons in die Sondae wat vanjaar nog oor is, kyk wat met ons gebedsboom gebeur. Gaan dit nie interessant wees nie!

Samevatting

Kom ons vat saam.

God antwoord altyd as ons bid.

God antwoord net nie altyd soos wat ons miskien wil hê Hy moet antwoord nie. Maar Hy antwoord altyd as ons bid: of JA of WAG of NEE.

Notas

Kleingroepbediening (KGB)

LEWENSDELING

Stel vas watter kinders teenwoordig is.

Stel besorgd vas hoekom sommige kinders verlede keer afwesig was, kyk of jy iets daaraan kan doen en moedig hulle aan om elke keer teenwoordig te wees.

AKTIWITEITE

Fasiliteer die kletsvrae op die Kletsblaaie. Maak seker dat die kinders die nodige t w v beter vaslegging en latere hersiening op hulle Klets-blaaie invul.

TUISAKTIWITEITE

Die KGL moet die Tuisaktiwiteite met die kinders bespreek en hulle motiveer om dit te doen. Hulle moet die kinders ook aanmoedig om elke keer hul Bybel en ‘n skryfding saam te bring.

AFSLUITING

Daar kan nou in die kleingroepe met gebed afgesluit word.

VERVERSINGS

Kinders kan ‘n eet-/ en of drinkding kry wat verkieslik by die dag se Ontmoeting aansluit.

Notas